OLD MUTUAL SUPERFUND

OPVOEDKUNDIGE NUUSFLITS VIR LEDE

UITGAWE 7

#THETIMEISNOW om saam 'n beter spaarkultuur te begin bou!

Volgens die **2018- Old Mutual Savings and Investment Monitor** wat die finansiële houdings en gedrag van Suid-Afrika se werkende metrobevolking volg, het diegene wat ondervra is, gesê dat hulle **14% van hulle inkomste bestem om te spaar**, vergeleke met **15% wat in 2017 aangeteken is.**

Navorsing dui daarop dat spaar laag is op Suid-Afrikaners se voorranglys en oor die algemeen slegs in aanmerking kom nadat aan alle ander uitgawes en behoeftes voldoen is.

Ons houding moet verander... **Dit is tyd dat ons spaar begin sien as 'n "moet-doen" in plaas van 'n nagedagte.** Ons moet die manier waarop ons aan spaar dink, verander en eenvoudige, realistiese doelwitte stel sodat ons geredeliker gefokus en toegewy bly.

Hier volg 'n paar praktiese wenke wat u kan help om 'n begin te maak ...

1. Beperk impulsiewe besteding

Klein bedrae tel op en wanneer u weer kyk kan u nie onthou waar die geld heen is nie. 'n Goeie manier om te spaar, is om u besteding deur die week/maand neer te skryf om na te gaan waar u kan besnoei. Dit sal u 'n beter begrip gee van waar u oorbestee.

Jy sal verbaas wees om te sien hoeveel geld spandeer word aan dinge wat nie koste-effektief is nie of waarmee heeltemal weggedoen kan word.

2. Verminder skuld

Makliker gesê as gedaan, nie waar nie? Dit is maklik om skuld te maak… trek… trek… maar baie moeilik om daarvan ontslae te raak. Maar dit is nie onmoontlik nie! Die eerste stap is "NEE" te sê vir nuwe skuld.

Klik hier ,vir vier stappe wat u sal help om beheer te neem van u skuld.

3. Verhoog u aftreespaargeld met 1%

Miskien wonder u wat u daaruit kry? Veral indien spaar minder besteebare inkomste beteken. Die belangrikste ding is om te onthou dat aftreegeld steeds **u geld** is selfs al kan u dit nie onmiddellik spandeer nie.

SARS bied ruim belastingaftrekkings wanneer u bydraes maak tot u aftree-annuïteit (RA), pensioen of voorsorgfonds. Jy is in staat om belastingaftrekbare aftreefondsbydraes van tot 27.5% van die oorgrote deel van u besoldiging en belasbare inkomste te maak (onderhewig aan 'n perk van R350 000). Dit beteken dat u meer kan spaar vir aftrede en meer van SARS kan terugkry!

Byvoorbeeld, probeer om u aftreebydrae te verhoog met 1% elke jaar. As 'n lid van die Old Mutual SuperFund kan u bykomende vrywillige bydraes maak. Dit kan óf 'n maandelikse bydrae óf 'n enkelbedragbydrae wees. **Kontak gewoon u MH-afdeling om uit te vind hoe.**

Wees op die uitkyk vir die volgende uitgawe, die lidvoordelestaatseisoen is in volle gang – u kan uitvind of u op koers is na 'n gemaklike aftrede.

OLDMUTUAL

CORPORATE

DO GREAT THINGS EVERY DAY

Indemnity: While every effort has been made to ensure that the information in this newsletter is correct, Old Mutual SuperFund Pension and Provident Funds and Old Mutual take no responsibility for any loss or damage suffered by any person as a result of their reliance on the information contained herein. Old Mutual is a licensed Financial Services Provider.